

Lelike term, prikkelende werklikheid

Johann Symington



‘Kulturele diversiteit is ’n lelike term vir ’n prikkelende werklikheid” word gesê. Ons leef in ons land as verskillende groepe wat elkeen ’n eie geskiedenis het, met eie kulturele waardes en norme, en wat ook ’n eie religieuse beleweniswêreld ken. Hierdie werklikheid het aan ons die verbeeldingryke en idealistiese naam “reënboognasie” besorg. Dat al die kleure nog nie saam ’n reënboog maak nie, staan vas. Daarvoor verwyt en stry ons nog té veel met mekaar.

Die dramaturg en skrywer Erwin Jans gee in sy kort essay oor interkulturaliteit (*Interculturele Intoxicaties. Over kunst, cultuur en verschil*. Berchem, 2005) die voor-die-handliggende definisie daarvan as die “teenwoordigheid van verskillende bevolkingsgroepe met verskillende kultuuragtergronde in dieselfde, veral stedelike ruimtes”. Hy gaan van die voorveronderstelling uit dat kulturele diversiteitsbestuur ’n langsame en kwalik voorspelbare proses is, wat telkens sy eie pad vat. Soms lei dit tot disintegrasie en die moedelose oortuiging van dis ’n “naïewe illusie”. Maar “multikulturaliteit” is, nes “liefde”, ’n werkwoord.

Die woord “intoxicatie” ontleen hy aan die Duitse filosoof Peter Sloterdijk wat glo dat niemand meer ’n panoramiese uitsig het oor wat gebeur nie, maar dat elkeen doodgewoon binne-in gebeurtenisse staan. Al wat ons kan doen, is om ons te laat “intoxiceren” deur die gebeurlikhede, dws entoesiasies daarby betrokke raak. Jans pas dit toe op die interkulturele werklikheid. In tien (ons noem vyf) stellings verduidelik hy die begrip *interkulturele intoksikasie* (voortaan Ii).

- Ii is nie ’n inhoud nie, maar ’n houding; nie posisie nie, maar disposisie. Dit beteken daar is nie ’n pasklare oplossing nie, maar wel ’n *ingesteldheid* tot die omarming van diversiteit en ’n wil om saam te soek na moontlike vorme van gelukkig *langs* en *met* mekaar lewe.

- Ii is nie ’n gespreksonderwerp nie, maar ’n gesprek self. Ons praat nie daaróór nie, maar *mét* mekaar. Jy ontmoet nie in die eerste plek ’n kultuur nie, maar ’n persoon. Dit is dus altyd ’n interpersoonlike ontmoeting. Die opstelling van *ons* teenoor *hulle* is gewoonlik die groot swakheid in hierdie gesprek. In hierdie teenoorstelling skuil daar implisiet ’n

verskuilde hiërargie of negatiewe waardebeplanning wanneer “ons” oor “hulle” praat. Ii beteken dus nie informasie nie, maar kommunikasie, en vereis daarom ’n kritiese blik op die verhouding tussen kultuur, geskiedenis en mag.

- Ii is daarom ook ’n toestand van “ontnugtering” waar jy nugter en onromanties na jou eie kultuur kyk, en eie kulturele arrogansie of meerderwaardigheid raaksien. Dié onnugtering moenie tot ’n skuldgevoel lei nie, omdat dít weer paternalisme in die hand werk. Ii is n vorm van interkulturele volwassewording.

- Ii het dit meer oor kwaliteit as kwantiteit. Die klem val op die kwaliteitsprong wat in mense se gees plaasvind, sonder om te ontken dat verteenwoordigende getalle ook ’n belangrike rol speel.

- Ii is “multikreatief”. Kreatiwiteit is nie kultuurgebonde nie (Nezha Haffou), maar eerder ’n kwaliteit van ’n individu. Multikreatief dui op ’n geïntegreerde en gediversifiseerde aanpak. Elke faksie of sektor vertrek vanuit sy eie tradisie en geskiedenis, maar dit word dan weer gesamentlik vanuit ’n multikulturele perspektief herdefinieer. Multikreatiwiteit is die aanwending van ’n dapper interkulturele verbeelding.

Jens sluit sy essay af met ’n sitaat van Edward Said waarin hy kultuurdinamika beskryf as die herkenning van die historiese waarheid van jou eie ervarings, asook die waarheid van ander kulture en ervarings. Kultuurdinamika hou rekening met die grootsheid en manipulasie waartoe kultuur in staat is. Dit erken dat kultuur nie ’n reeks monumente is nie, maar ’n onophoudelike betrokkenheid by prosesse van estetiese en intellektuele uitdrukking en verwerkliking, om veral in kultuur die potensiaal van ’n stoutmoedige verbeelding en waagmoedige uitsprake te sien.

Help dit die kerk op sy pad? Wie weet. In dié uitgawe word uiters aantreklike opsies ontwikkel wat absoluut die verbeelding prikkel.

Ten slotte, ’n Martin Buber-vertelling:

Rabbi Simon het hom ná die neerlaag teen die Romeine teruggetrek in ’n grot. Ná verloop van tyd, kom hy weer te voorskyn. Hy sien dat die mense almal gewone dinge doen, soos om die land te bewerk, kos te kook en klere te was. Dit het die rabbi só verskriklik ontstel dat hy vir die mense begin skreeu het dat hulle hulle eerder met Gods Woord moes besig hou.

Toe tree God tussenbeide.

Hy stuur Rabbi Simon terug na sy grot met dié woorde: “Het jy dan nog stééds nie begryp nie dat dit vir die mensheid van die allergrootste belang is om goed met mekaar klaar te kom en hulle nie in die eerste plek in die Skrif toe te sluit nie?”

Geseënde Kersfees!

Johann Symington
Pieter Fourie